

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 99**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***KEN JY LYDING?***

## **'n Sinlose vraag**

Watter onsinnige vraag, het u seker gesê toe u bostaande opskrif gelees het! Wie ken nie lyding nie? Elke dag, en bykans elke lewe is vol van lyding.

Ja, dit is so my vriend!

Lyding is seker geen vreemde begrip nie.

Het ons nie al by menige siekbed met geboë hoofde gestaan, met stomheid geslaan by die aanskouing van soveel lyding en smarte nie. Dan kan jy alleen maar uitroep: Here, gee krag!

Daar is die oue vader of moeder, wat in die grysheid van die ouderdom bitterlik ly vanweë een of ander kwaal — baie keer vir die mens ongeneeslik.

Daar is die sorgsame moeder met die kindertjies om haar bed geskaar, soekende ogies en handjies, en dan word sy dag na dag afgetakel.

Daar is die jong man in die fleur van sy lewe wat vanweë 'n ongeluk verbrysel lê en worstel met die vreeslikste pyne.

Ja, en dan is daar die sielsmart wat so baie mense moet deurworstel.

Elke mens ken seker sy of haar **lydenstyd**.

## **'n Sinvolle vraag**

In die kerklike lewe word daar ook van **lydenstyd** gepraat — maar dan word 'n besondere **lyding** bedoel.

Jesus Christus, onse Here, het onvergelyklik gely! Ken u Sy lyding?

Spreek Sy lyding tot u binneste?

Vind Sy lyding weerklank in u gelowige en dankbare hart?

Nou word die **sinlose vraag** skielik 'n **sinvolle vraag** ...

Want, geagte vriend, jou lyding en beproewing kry eers vir jou ware betekenis en sinvolheid as jy dit sien in die lig van Jesus Christus se lyding.

Deur smarte en beproewing heen moes Hy afgetakel word tot in die dood, tot in die angste van die hel — dit was Sy kruisweg. Die **Koringkorrel** wat in die aarde moes val en sterf voordat dit veel vrug kon dra.

Só het Sy lewe op aarde in die teken van lyding gestaan.

Sy geboorte was 'n saak van droefheid vir Homself.

Sy lewe was gekenmerk deur tranen.

Sy dood het gelyk na 'n triomf vir-Satan!

Paulus skryf: "Hy het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis." — maar dan volg die heerlike woorde: "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is.

## **Die oplossing**

As ek 'n navolger van Jesus Christus is, dan word my lyding ook sinvol en ryk!

Dan hoor ek die Stem van die Here in elke beproewing.

Dan sien ek die hand van my God in elke terugslag.

Hoe oneindig ryk is ek nie nou nadat ek ook die lydenstyd van die kerklike lewe leer ken het nie! Ja, hoe arm is 'n mens nie sonder Jesus nie!

Wil u hoor wat die Skrif direk oor hierdie saak sê? Lees dan gerus 2 Korinthiërs 4:17 en 18. Lees en oordink die heerlike en troosryke inhoud van hierdie verse:

"Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlijkheid; omdat ons nie let op sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."

Geagte vriend, hierdie wonderlike woorde het vir u en vir my ewigheidsbetekenis as ons glo in Jesus Christus as ons enigste Borg en Middelaar ...

Mag u deur Gods genade dit glo!

### **A. Myburg.**

#### **VOEL U VERMOEID?**

*Die jonges word moeg en mat,  
en die jongmanne struikel selfs;  
maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag;  
hulle vaar op met vlerke soos die arende;  
hulle hardloop en word nie mat nie,  
hulle wandel en word nie moeg nie.  
— Jesaja 40 : 30, 31.*

#### **TWYFEL U AAN DIE LIEFDE VAN GOD?**

*Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.*

— 1 Joh. 4: 9, 10.

# Die Heidelbergse Kategismus en die lyde van ons Here Jesus Christus

**37. Vraag:** Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

**Antwoord:** Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het, sodat Hy met sy lyde as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos, en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.

**38. Vraag:** Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

**Antwoord:** Om ons, deurdat Hy onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is, te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

**39. Vraag:** Sit daar iets meer in dat Hy gekruisig is as dat Hy 'n ander dood sou gesterf het?

**Antwoord:** Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, aangesien die kruisdood deur God vervloek is.

**40. Vraag:** Waarom moes Christus Hom tot in die dood verneder?

**Antwoord:** Omdat weens die geregtigheid en waarheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie.

**41. Vraag:** Waarom is Hy begrawe?

**Antwoord:** Om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het.

**42. Vraag:** As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe?

**Antwoord:** Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe.

**43. Vraag:** Watter nut verkry ons nog meer uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis?

**Antwoord:** Dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, sodat die bose luste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy.

**44. Vraag:** Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?

**Antwoord:** Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.

# Jesus op die tweetal

## IN DIE HOFSAAL.

Voor die hofsaal maal 'n siedende menigte. Hulle roep, skreeu en bal die vuiste in die rigting van die beskuldigde en sy regters. Dit lyk asof dit op 'n oproer kan uitloop. Die lug is gespanne, gevaarlik en dreigend. Die regter weet eintlik nie wat om te doen nie. Hy het al alles probeer. Die beskuldigde het geen skuld nie, en tog eis die massa sy doodvonnis. Hy het die aangeklaagde laat gésel en sy bloedbevlekte liggaam ten toon gestel om die jammer van die skare op te wek. Dit het alles niks gehelp nie. In stede dat hierdie gebaar die skares kalmeer, het dit steeds erger geword. Daar skiet hom 'n plan te binne.

## BARABBAS.

In die gevangenis, deeglik bewaak deur swaargewapende wagte, sit Barabbas. Hierdie man kan regter Pilatus uit die moeilikheid help. Dit is gewoonte om op die grootste van die Joodse feeste, Paasfees, een of ander gevangene los te laat. Nou ja, laat Barabbas kom! Die Jode moet maar self die keuse doen vir loslating tussen Jesus en Barabbas. Miskien kom Jesus so vry.

Daar kom Barabbas al, maar eers moet ek u by hom voorstel. Hy is gevange geneem vanweë oproer en opstand waarby 'n moord begaan is. Oproere was in die dae aan die orde van die dag, want die Jode kon maar nie berus in die vreemde heerskappy nie. Hulle het die Romeine gehaat. As hulle die vreemde soldate deur die strate sien marsjeer of die Romeinse vlag sien wapper vanaf die fort, die vesting Antonia, raak hulle met diepe afkeer en wrok vervul. Die Romeinse owerheid moes daarom voortdurend op hulle hoede wees vir oproer, bandstigting en sabotasie wat veral gepleeg is deur die ondergrondse, die vyfde kolonne wat hulle in berge en klowe skuil gehou het. Dit het gebeur dat die laagste uitskot van die maatskappy, kriminele en moordenaars hulle hier gevoeg het. Nou, Barabbas was lid van so 'n geheime versetsgroep en daarby 'n berugte misdadiger, Matt. 27 : 16.

## DIE TWEETAL.

Jesus kom naas Barabbas te staan op die tweetal. "Deel maar solank die stembriefies uit!" Laat die Fariseërs en die here lede van die Groot Raad maar tussen die skares die kandidatuur van Barabbas propageer: "Stem Barabbas, stem Barabbas, stem reg. Onthou julle is Jode. Stem Barabbas!" Kyk die kandidate goed deur. Dit is voorwaar twee ongelykes op die dubbeltal. Daar is Jesus van Nasaret die Seun van God, God self. Dit is Hy van wie se glorie die profeet eenmaal gesing het: "By wie wil julle my vergelyk? Jes. 40 : 18; 44 : 7. Barabbas met hom op die tweetal. 'n Promosie vir Barabbas! Nee, 'n vernedering vir Jesus.

Dit is die begin van Sy diepste en donkerste hellevaart. Hy met moordenaars, rowers, oproermakers, voëlvry verklaarde berugte misdadigers op die tweetal?

## BARABBAS OF JESUS.

Barabbas of Jesus. Barabbas is die simbool van die Joodse gewelddadige verset, held by die volk, noudat die deure agter hom op slot gegaan het. Barabbas, stigter van rewolusie, bewandel die vleeslike weg — Jesus die geestelike, die evangeliese. Barabbas wil verower. Jesus wil dien met Sy bloed. Barabbas hanteer die swaard. Jesus stuur die swaard in sy skede terug. "Nie deur krag of geweld maar deur My Gees sal dit geskied" Twee wêrelde staan hier voor die toets. die Goddelik geestelike en die menslike Joods nasionaal gewelddadige! Goddelike verlossing, genade teenoor selfverlossing.

## **TWEE JESUSSE!**

Party handskrifte het die byskrif "Jesus" of "Josua" by Barabbas. Hy is ook 'n Jesus, 'n redder. Voor die onstuimige skare: Twee Jesusse! Die volk moet kies tussen die twee. Jesus Barabbas wil langs die vleeslike weg die redding vir Sy volk alleen bewerk uit aardse mag en tirannie. Naas hom Jesus van Nasaret wat red deur voldoening. Hy self betaal die koopprys met Sy vernedering en marteldood vir mensesondes en skuld, nie net vir Jode nie maar vir alle rasse, tale en volke. Barabbas wil koning wees. Hy offer ander. Jesus se pad loop vanaf die kruis deur die graf na die hemelse glorie. Barabbas gaan uit die gevangenis maar laat die gevangenis bly. Jesus gaan die hel in maar voer die gevangenis self weg. Ps. 68.

## **DIE KEUSE.**

Alles is nou gereed. Pilatus kondig die verkiesing aan: "Wie wil julle hê?" Daar bars dit los!" Met algemene stemme: "Laat Barabbas los!" Die Jode draai as volk hiermee hulle rug op Jesus, op God en Sy genadige verlossing. Hulle gaan hulle self help, self verlos. En die einde: 'n Paar tientalle jare daarna: Jerusalem in vlamme, die stad totaal verwoes, die Jode gekruisig! Alles verlore. Dit was 'n dom korttermyn keuse!

## **BARABBAS, JESUS EN U!**

Meen u arme sondaar dat u uself in hierdie lewe orent kan hou? Het u Jesus Christus en Sy verlossing nie nodig nie? Gaan u volhard in u beteweterigheid, eiewaan, geestelike hoogmoed soos die Joodse agitators 2000 jaar gelede? Hoe gaan u stem? 'n Verkeerde keuse kan die ewige dood beteken!

Help ons Here, want agter ons keuse staan U, die kiesende God. U kies ons uit sodat ons reg sal kies. Alles genade! Let op u keuse. Vandag en môre!

**Dr. J. A. Schutte.**

# "Waarom"

## **Stel u voor**

Stel u voor: Drie kruise op die heuwel Golgota buitekant die Damaskus-poort van Jerusalem. Dit is ruwe houtkruise wat in die grond ingeplant is.

Drie houtkruise teen die blou lug van Palestina.

Aan elkeen van daardie kruise hang 'n man — vasgeslaan met wrede stukke ysters deur hande en voete!

Smart en pyn is in diep lyne afgeëts op daardie gesigte en die bloed stroom stadig teen die kruishout af na 'n dorstige aarde.

Die heuwel wat na 'n hoofskedel lyk omdat die hol oë, neus en mond duidelik sigbaar is, Golgota, is aan die grootpad na die noorde, en daarom sluit baie reisigers aan by die skare aan die voet van die heuwel en aanskou die gekruisigdes!

## **Die middelste kruis**

Die twee gekruisigdes aan die buitekant is moordenaars en ontvang hulle regverdige straf. Maar die Persoon aan die middelste kruis trek die aandag — ja Hy spreek tot jou hart!

Waarom?

Omdat Hy totaal onskuldig is!

Hy het niemand enige kwaad aangedoen nie. Wat meer is. Hy het aan 'n onbepaalbare getal goed gedoen.

Hy het na die wêreld gekom met die boodskap van vrede en van liefde — 'n boodskap van vernuwing, in 'n gebroke en sonde-deurtrekte wêreld!

Waarom het die mense Hom nie aanvaar nie? Waarom het hulle Hom gehaat?

Omdat die mens van die sonde van nature sleg is — van nature geneig is om God en sy naaste te haat!

En tog spreek Sy gekruisigde liggaam tot elkeen wat Hom aan die skandpaal sien hang. Selfs die sondige menslike begrip van geregtigheid bots teen hierdie onreg!

Onskuldig gekruisig!

Hoe vreeslik ...

## **"Waarom My God?!"**

Teen 3 uur daardie middag klink 'n verbysterde kreet uit die verskeurde liggaam en verskeurde siel: "My God, My God, waarom het U my verlaat?"

Sien u, geagte leser, dit is Jesus van Nasareth, die Seun van God, wat aan daardie middelste kruis hang! Hy is besig om vir u sondes en my sondes te betaal!

Ja, Hy het vir ons persoonlike betekenis ...

Van God en mens verlate, eensaam en sterwend aan die kruis — 'n neerdaling tot in die bange angste van die hel, dit was die regverdige eise van God, die hemelse Regter, teenoor die Middelaar wat vir die sondeskuld van die mens wou instaan!

Dit is die Paaslam van God wat in eensaamheid sterwe.

## Sy oorwinning

Maar Hy het opgestaan!

Die bande van die graf en die dood kan Hom nie bind nie. Hy was sterker as satan — Hy is Oorwinnaar!

En daarom, geagte leser, kan Hy Sy hande, deurboorde hande, na die opstanding oor Sy gelowiges uitbrei en aan hulle sê "Vrede vir julle" — vrede met God en herstel van die heerlike harmonie tussen God en Sy kinders.

Wil u ook deel in Christus se heerlike oorwinning?

Smag u ook na vrede met God?

Soek u ook na lewensvernuwing?

Laat die "waarom?" van Golgota weerklank vind in u siel!

Glo dat Jesus Christus ook vir u sondes betaal het.

So maklik en tog so heerlik!

Ja, medegelowige, in Jesus Christus is jy ook meer as oorwinnaar oor elke vorm van sondige bedreiging.

Sy oorwinning is **jou** oorwinning!

## A. Myburg.

### **O God, so met my lot begaan**

*Ps. 63 : 3 en 4 (berymd)*

*Ek wil U prys my lewe lank,  
my hande ophef en U dank.  
Want, soos met vettigheid, sal weer  
my siel versadig word, o Heer!  
My mond sal jubelend U noem,  
my lippe hoog u weldaad roem  
wanneer die aarde in nag versink —  
dan sal ek peinsend aan U dink.*

*U was, o God, 'n hulp vir my.  
U het U vleuels uitgesprei  
om met beskerming my te dek  
en jubels in my hart te wek.  
O God, só met my lot begaan,  
hoe kleef my siel U agteraan!  
Vertrouensvol op U geleun,  
voel 'k hoe U hand my ondersteun.*

### **VOEL U VER VAN GOD VERWYDER?**

*Maar ek is altyddeur by U;  
U het my regterhand gevat.  
U sal my lei denr U raad en my  
daarna in heerlikheid opneem.  
Wie het ek buiten U in die hemel?  
Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.  
Al beswyk my vlees en my hart —  
God is die rots van my hart en my  
deel tot in ewigheid.*

— Psalm 73 : 23—26.



# *Hemelvaart - Die Brug*

Die hemelvaart van Jesus beteken dat 'n brug gebou word.

Van die aarde na die hemel.

Uit die skaduwee na die lig.

Uit die tydelike na die ewige.

Jy word uitgenooi om op daardie brug te loop.

Om oor te stap na 'n nuwe toekoms.

Om die verlede te begrawe . . .

En te kyk na die nuwe toekoms.

## **Die Kloof**

Daar in die Paradys is 'n kloof geslaan tussen hemel en aarde.

Adam, jy en ek verkies die aarde en verwerp die hemel.

In hoogmoed het ons God se gawe weggewerp . . .

- Die lewe.
- Die vrede.
- Die vreugde.
- Die hemel.

En toe het die kloof al groter begin gaap.

Groot woorde skilder die oorsaak van daardie kloof:

Ons moedswillige ongehoorsaamheid.

Uit onself kan ons die kloof nie oorbrug nie.

Hemel en aarde skuif al verder uitmekaar . . .

Toe het dit gebeur ...

Die hemelvaart van Christus

Met sy geboorte kom Hy: Van die hemel na die aarde.

Met sy hemelvaart gaan Hy: Van die aarde na die hemel.

Die kringloop word voltooi. Sy werk is volbring. Die brug is gebou.

Aarde en hemel is weer verbind — deur sy bereidwillige gehoorsaamheid. Dit is die taal wat die hemelvaart van Jesus met jou praat: Die weg na Bo is oop. Die weg na

- Vrede
- Vreugde
- Versoening.

Die weg na die Vaderhart. . . Nou dreig Hy nie— Hy nooi jou. Om oor die brug te stap. Om te deel in die ryke vreugde van hulle wat Hom ken. Om jou te voeg by die leër van Hom wat opgevaar het.

Hoor jy?

Die uitnodiging: Kom na My toe.

## **Besef jy?**

Dit is nou of nooit. Die brug staan oop. Sedert Christus se hemelvaart.

## **Sien jy?**

Die brug na bo. Wandel daarop!

**C. J. H. Venter.**

# PINKSTERFEES

## Feesdae...

Sê my vriend ...

Feesdae maak seker ook deel van jou lewe uit, nie waar nie? Jy sê jy vier gereeld jou geboortedag elke jaar. Ja, dit is 'n groot feesdag in die lewe van elke mens. Maar dit is nie al nie. Jy sê jy vier ook gereeld Kersfees en Nuwe-jaarsfees. Dit is sulke heerlike vakansiedae want die hele wêreld is dan in 'n feestelike stemming. Dus: jy vier jou

- Geboortedag
- Kersfees
- Nuwejaarsfees...

Is daar miskien nog feesdae wat jy vier? Mm! Laat ek nou eers sien ... o, ja daar is nog Paasnaweek ook en wat 'n heerlike vakansie is dit nie van die Vrydag tot die Maandag nie.

## PINKSTERFEES ...

Jy het nou al 'n hele paar feesdae opgenoem, ek merk dat jy nog niks gesê het van Pinksterfees nie ... weet jy iets van Pinksterfees? O, jy sê jy het al oor die radio iets daarvan gehoor. jy het ook al die mense hoor praat van Pinksterfees. Wat dit egter werklik is, weet jy nie en jJ gee ook nie om nie. Dit is immers nie 'n vakansiedag nie en wat se feesdag is dit dan?

## Ek sal vertel...

Moenie so haastig wees nie my vriend, kom luister net vir so 'n paar oomblikke dan vertel ek jou iets meer van Pinksterfees. Op Pinksterdag gedenk ons die uitstorting van die Heilige Gees. Van hierdie groot en heerlike gebeurtenis lees ons in die Bybel in Handeling 2 : 1—13. Jy kan gerus die Bybel neem en eers hierdie heerlike gebeurtenis gaan lees.

Voordat onse Here Jesus Christus opgevaar het na die hemel, het Hy belowe dat Hy ons nie as wese sal agterlaat in hierdie wêreld nie. Dat Hy aan ons 'n ander Trooster sal gee wat by ons sal bly tot op die laaste dag.

## Die Heilige Gees ...

Die Heilige Gees is hierdie Trooster wat Hy aan ons beloop het en Hy het gekom op Pinksterdag. Die uitstorting van die Heilige Gees is ook vir ons die bewys dat Jesus Christus in die hemel aan die regterhand van Sy Vader gaan sit het soos Hy beloop het. Dit is die bewys dat Hy Sy bestemming bereik het. Dat Hy nou regeer oor die ganse wêreld.

## Die Heilige Gees nie 'n krag of invloed

Die Heilige Gees is egter nie 'n krag of 'n invloed nie, nie vaag en onbelynd nie. Die Heilige Gees is 'n **Persoon**. Hierdie Persoon het as woonplek uitgekies die mensehart. Dit lees ons in Johannes 14 : 17 "Dis die Gees van waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle sal bly en **in** julle sal wees," sê Jesus.

## Die Inwoning van die Heilige Gees ...

Waar die Heilige kom daar vind iets plaas. Op Pinksterdag is daar gehoor die geluid soos van 'n geweldige rukwind en daar is tonge soos van vuur gesien wat hulle verdeel het en op elkeen gaan sit het.

### **Die verskynsel...**

Die verskynsel wat die Heilige Gees begelei het, is van geweldige groot betekenis. Dit was in die eerste plek 'n GELUID en in die tweede plek TONGE.

### **Pas bymekaar ...**

Hierdie twee verskynsels pas bymekaar. Jou tong is een van jou spraak-organe en spraak is geluid.

Op Pinksterdag het die Here dus nie alleen kom woning maak in die hart van die mens nie, Hy het ook beslag kom lê op die tong en die mond van die mens. Ons sien dit in die gebeure wat net na die uitstorting van die Heilige Gees volg. Daar staan hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het begin spreek.

### **Daar vind iets plaas**

Die Heilige Gees werk op so baie maniere; dit oortuig 'n mens van sonde maar ook van sondevergifnis. Die Heilige Gees vertrou die verbryselde hart. Die Heilige Gees bring vrede in die hart... vrede en geluk wat nie in woorde uitgedruk kan word nie.

maar. . .

Dit bring ook stryd en onrus ... die stryd teen die sonde. Dit is die stryd tussen ou mens van sonde en die nuwe mens in Christus.

### **Werk orals ...**

Die Heilige Gees is ook nie die eiendom of besitting van net een Kerk of een groep mense nie. Die Heilige Gees werk net waar Hy wil en wanneer Hy wil.

### **Vlees en Gees ...**

Wanneer die Heilige Gees in ons werk dan stel Hy die werke van die vlees teenoor die werk van die gees. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, afguns, moord, dronkenskap, brassery en al dergelike dinge. Die wat sulke dinge doen sal die koninkryk van God nie beërwe nie.

Maar die vrug van die Gees is ... Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

As ons hierdie dinge ervaar dan kry Pinkster vir ons betekenis . . . heerlike betekenis. Die uitstorting van die Heilige Gees beteken dat God in ons kom woning maak het en dat hy beslag kom lê het op my tong en my mond en dat ek 'n roeping het.

My roeping is ... dat ek sal wandel deur die Gees, want dan sal ek nie die begeerlikheid van die vlees volbring nie maar die vrugte van die Gees belewe.

Sê my vriend: Ken jy hierdie werking van die Heilige Gees in jou eie lewe en hart? Jy sê ja, jy ken dit. Dit kan nie anders nie want elke mens ken dit. Dit is niks en niemand anders as die Heilige Gees wat uitgestort is op Pinksterdag nie. Hy is ook in jou hart werksaam.

As jy dit reg begryp en verstaan dan sal Pinksterfees ook waarlik betekenis kry in jou lewe, waarlik vir jou ook 'n fees word.

**E. J. SMIT.**

# DAAR IS SLEGS EEN GOD

God is almagtig!

God het die hemel en die aarde uit niks geskape, dit georden, regeer daaroor en sorg op 'n wonderlike wyse vir al die skepsele. Dit alles leer God ons in die Bybel en veral in die eerste hoofstukke van Genesis.

Dit is 'n heerlike gedagte!

Dit beteken dat ek met alles wat aan my behoort in die hande van God is.

Glo u dit ook geagte leser?

As u dit glo kan ons verder gesels.

## **Wie en wat is God?**

As ons glo dat alles uit God ontstaan het en dat Hy oor alles regeer, met ander woorde, dat Hy die enigste God is, moet ons Hom ook reg leer ken. Want om Hom te dien en te eer moet ons Hom ken.

Hoe wonderlik is dit nie dat Hy homself in die Bybel aan ons geopenbaar het nie. In die Bybel leer ons God ken. Daar leer ons wat Hy alles vir ons doen, en wat Hy aan die anderkant van ons verwag.

Weet u, hoe meer 'n mens in die Bybel lees, hoe beter jy God leer ken, des te meer kry jy Hom lief en vertrou jy met jou hele hart op Hom.

Daar is werklik niemand soos onse God nie!

## **Ek moet alles van Hom verwag**

Omdat Hy die enigste God is moet ek alles wat ek nodig het van Hom vra. Ek vra dit dan ook in die vaste oortuiging dat Hy dit vir my kan gee, want Hy is die almagtige God! Maar dan moet ek onmiddellik in gedagte hou dat Hy nie alles vir my sal gee wat ek vra nie — want as sondaar vra ek baie dinge in dwaasheid, en Hy gee alleen dit wat vir my goed is.

Dit is die rykdom van die gelowige dat die ewige en almagtige God, sy God is. In hierdie lewe kan Hy geestelik en stoflik versorg en na die dag van aardse stryd, na hierdie lewe gee Hy nog aan Sy kinders die hemelse heerlijkheid ...

Is dit nie iets om na te hunker nie?

Geagte leser, moet u nie hierdie God met u hele hart soek nie?

## **Afgode stel bitter teleur**

Ek praat nie van die afgode wat van klip en hout gemaak is nie. Daar is vandag veel wreder en veeleisender afgode!

Daar is mense wat alles wat eerbaar en mooi is sal opoffer in diens van die geldgod. Hulle sal selfs hulle eie geluk op die spel plaas. Dit is 'n wrede afgod wat geen blywende geluk bring nie!

Daar is ander wat terwille van die sportgod alles sal doen. Maar ook dit bring maar net tydelike geluk.

In die bedwelming van die **drankgod** of die **plesiergod** kan ook vir 'n tyd 'n gewaande vreugde gevind word — maar elkeen hou 'n bitter ontnugtering in.

Geagte vriend, luister vandag na goeie raad: Daar is dié God wat in 'n hoë mate beproef is en nie Sy kinders teleurstel nie. Al wat dié God vra, is die liefde van u hart.